

JOHAN GROBBELAAR

Datum: 27 September 2011

Plek: Stellenbosch

Vraagsteller (V): Dora Scott | C-I-B | Antarktiese Navorsingsprojek | Stellenbosch Universiteit

Antwoordsteller (A): Johan Grobbelaar | Radiotegnikus | Sanae 9 | 1968

- V** Wat was u spannommer in die jaar wat u daar was? rêrig
- A** Nee ek weet nie van spannommer nie maar dit was SANAE 9. In 1968, 1969 was ons in Antarktika.
- V** Wat het u daar gedoen?
- A** Ek het gegaan as radiotegnikus en was ook verantwoordelik vir die seismograaf.
- V** En wat presies behels radiotegnikus?
- A** Wat was?
- V** Wat presies behels dit?
- A** O, goed. Radiotegnikus, ek was verantwoordelik vir die instandhouding van al die kommunikasie-apparaat, draagbare radio's sowel as die vaste radio, en ek het ook die ander wetenskaplikes gehelp met hulle elektroniese apparaat se instandhouding.
- V** Hoe het dit gekom dat u aansoek gedoen het om te gaan?
- A** Wel, van kleintyd af wou ek altyd Antarktika toe gegaan het, na aanleiding van, my pa was 'n lid van, of het op die Abraham Larsen, Suid-Afrikaanse walvisvaarders was hy vir ses maande Antarktika toe. Vriend van my, was 'n wetenskaplike op Marion, ek het net gedink ek stel nie belang in die eilande nie, ek wil na Antarktika toe gaan, en selfversekerdheid van die jeug, het ek net eenvoudig 'n verplasing gekry Pretoria toe, aansoek gedoen, en ek het die, was gekeur en ek het gegaan.
- V** Fantasties.
- V** Nou wat het u oor Antarktika geweet? Voor u gegaan het?
- A** Nie veel nie, net maar wat ek gelees het daarvan, ek het, redelik baie van Scott en Amundsen gelees, belang gestel in die geskiedenis van Antarktika. Voordat ek gegaan het het ek nie rêrig geweet wat Suid-Afrika daar doen nie, ek het geweet ons het 'n navorsingstasie daar, en nou ja, dit was net, ek het net belang gestel in die woord woestyn en ek wou dit graag self ervaar.
- V** Fantasties. Watter spanvoorbereidings het julle, moes julle doen vir die jaar?
- A** Sjoë.
- V** U't netnou gepraat ook van die sielkundige voorbereiding.
- A** Ja, ons is, hoe lank, seker omtrent twee maande, drie maande voor die tyd al in Pretoria. Nou goed, ek het op daai stadium toe daar gewoon. Ons moes 'n fiksheids, hele fiksheidskursus doen, almal moes poog om die destydse goue medalje te kry in die ding, dit het nou behels, ag, omtrent die moderne vyfkamp, jy moes hardloop, en swem, en stap, elk geval. Ons het, ons, sover ek weet was ons die, SANAE 9, die eerste span wat 'n volledige sielkundige keuring moes deurgaen. Ons omtrent twee weke by die, by die sielkundiges gespandeer. Maar tipies later het jy geweet, met die Rorschach-toetse, wat jy moet raaksien, [lag] wat jy nie veronderstel is om te sien nie, en, nou ja. Maar dit was maar bietjie, deursigtig op 'n stadium. Maar een ding wat ons wel agtergekome het van die toetse, hulle het sestien individualiste gekies, en die ervaring was dat daar geen werklike groot vriendskappe ontstaan het nie. Almal was uit die aard van die saak vriendelik met mekaar; jy het nie maklik aanstoot geneem, of jy het ook gepoog om nie anstoot te gee teenoor ander nie, weens die feit dat jy is, afgesonderde lewe wat jy daar lei en daar is geen manier dat jy, indien daar iets sou gebeur, dat jy kan teruggaan Suid-Afrika toe of sovers nie. Jy is daar vir 'n minimum periode van twaalf maande, soos jou kontrak ook spesifiseer het.
- V** Watter voorbereidings moes u spesifiek doen vir die werk van radiotegnikus?

- A** Nee geen werklike voorbereiding - ek het 'n kursus gedoen op seismografie, want, by die... Nou vergeet ek die departement se naam...
- V** Vervoer?
- A** Nee, dit, Geologiese Opname?
- V** Ja.
- A** Hulle bedryf die, seismograwe in Suid-Afrika, en ek het 'n kursus, 'n maand-lange kursus daar gedoen. Verder het ons natuurlik 'n volledige twee-, amper drie-weke kookkursus, kookkursus kursus gedoen in Pretoria.
- V** Was dit by, waar, waar, ag waar was dit gewees?
- A** Ook een van die departemente, Voedings, ag, ek, ek kan nie meer onthou nie. Hierdie dames het net gemoan met my oor my pyp, gesê maar ek garneer my kook met pyp-as... [lag]
- V** Het die, het die kooklesse darem gehelp?
- A** Ek dink so. Ons, ons kon, wel, ons kon almal redelik kook. Niemand van ons het gekla oor kos by die basis nie. Die ding is, jy gekla het moes jy die kok se kookbeurt oorneem, sodat niemand het gekla nie. [lag]
- V** Ooit nie.
- A** Nee, ons het net gekla oor die kos wat ons moes voorberei op 'n stadium, veral toe die vars vleis opraak.
- V** O gits.
- A** Verder, ja, ek het genoem van die fiksheidstoetse. Ons moes 'n mediese, die, die lugmag mediese toets slaag, so met ander woorde hulle wou seker maak, seker maak dat jy gesond is. 'n Klompie van ons het, was vrywilligers vir toetse wat gedoen was deur, HSRC, ek weet nie wat dit in Afrikaans is nie, dit is Departement Mynbou se, hulle het navorsing gedoen oor uiterstes van omstandighede op die, op die liggaam. Maar toe ons daar kom en presies sien wat die toetse behels toe het ons baie gou-gou klein [Onduidelik] getrek, want daar moes elke maand wou hulle die vet meet, en daai tang het seer geknyp. [lag] Jy moes allerhande oefeninge doen vir die, 'n fisioloog het dit gehanteer. Maar, nou ja, dit was nou alles deel van die, van die storie daar onder. Verder voorbereiding, ja ek het genoem van die sielkundige toetse, ons het heelwat lesings gehad oor wat ons kan verwag, van 'n groep mense wat so in afsondering leef, so ek dink ons as 'n span, of as individue was redelik goed voorbereid op, uit die, uit die span-oogpunt, wat jy, wat jy kon verwag, terwyl jy daar onder is.
- V** Goed. Nou, met die reis af, met watter skip het julle gevaar?
- A** Eh, met ou Rol Sommer Altyd. Die RSA, wat 'n, eintlik 'n poolvaartuig was, maar sy stabiliseerders het al lankal afgebreek in die ys, hulle het dit nooit vervang nie. Hy het 'n ronde kiel, sodat indien hy in die pakys vasgevang word, hy sal nie ge-, ge-squash word nie maar hy sal uit-pop. Met die feit, al sy banke is ook dwars oor die boot, beddens, en dan die kajuite, vandaar die Rol Sommer Altyd, ek wat 'n bietjie kort is, as jy in die Roaring Forties is dan kap jou voete onder, en dan kap jou kop bo soos die ding rol, dit was nie 'n baie aangename trip nie.
- V** Seesiek geraak?
- A** Nee, gelukkig nie! Ek het nie seesiek geword nie. Eerste keer toe ons die Roaring Forties bereik toe is daar ook nog 'n lekker windstorm, en toe besluit 'n klomp van ons alkohol is die antwoord. [lag] Nou ja, ons het dit oorleef. Dit was eintlik baie lekker. Die RSA het besonder baie gerol omdat ons, dit was die, Internasionale Geofisiese Jaar gewees, so die groep Belge het saam met ons afgegaan ondertoe, so ons het nog 'n vliegtuig in sy kis op die dek gehad, wat dwars oor die boot gelê het, dié het omtrent 'n meter en 'n half aan weerskante van die boot oorgehang, met die gevolg is dat hy het rêrig gerol. Erens het ek 'n foto waar ons in die, sitkamer, smoking room sit, met 'n pendulum op waar daai pendulum op vyf-en-veertig grade staan.
- V** Iets verskriklik.
- A** Dis soos die boot gerol het. Dit was eintlik, toe vertel die kaptein vir ons dat die boot kan, iets soos ag-en-veertig grade rol voordat dit daar begin gevaarlik raak.
- V** Wie was die kaptein? McNish?
- A** Ek kan nie sy naam onthou nie... Sê weer?

- V** McNish?
- A** Dit klink bekend... Dis reg, dis reg, dis kaptein McNish, en dan die eerste stuurman was so, Herr...
- V** Funk?
- A** Funk, want jy kon agterkom toe ons in die pakhuis is wie was aan die stuur. As dit Herr Funk is is dit volkrag, vol voort, dwah! *klap* As dit McNish was, val terug, relatiewe kalmer vorentoe. Verskillende benadering van hoe om deur die ys te breek. [lag]
- V** En wie was die meer suksesvol?
- A** Nee altwee het gewerk. McNish wat net so, ag, Herr Funk was net so bietjie meer...
- A** En die ding wat my verbaas het was dat dit 'n een-silinder diesel-enjin was, dat ek het dit nooit besef nie, veral as jy nou vorentoe en agteraan stop die ding, dan is die boot doodstil, dan hoor jy daar skop die lugdruk in, dan vat die enjin weer, dan ry jy agteruit, stop hulle hom, en dan weer vorentoe, en so gaan jy aan. Maar nou ja.
- V** Agtertoe, vorentoe.
- A** Roaring Forties was 'n ander ondervinding, veral as jy op die dek van die boot staan en jy kyk op, jy sien net 'n groen wal water voor jou, en dan die volgende oomblik dan kyk jy af, en daar is die see daar onder. Dit was eintlik 'n bietjie angswekkend.
- V** Ek kan my indink.
- A** Totdat jy nou, soort van gewoon geraak het daaraan.
- V** Was daar enige interessante insidente op die vaart af?
- A** Ja, ons het vasgesit in die pakys, op 'n stadium, en ons het afgeklim van die boot af, en daar is ook, op my skyfies het ek 'n foto waar ons op die boeg van die boot staan en die boot vashou, kammakastig nou, jy weet, maar op die ys, en hier is die boot hier voor jou, dik pakys. Ons het seker omtrent, ek kan nie meer onthou nie, seker 'n dag of twee daar vasgesit, totdat hulle, 'n krakie weer begin het en ons weer ons daaruit kon loswikkel het. Ja, daai aand wat ek vertel het toe ons die, besluit het alkohol is die antwoord vir die, vir die rowwe seetoestande, het Anton, hy het gehardloop, ons het, oh, ek kan nie nou die hele aanloop onthou nie, maar ek weet die, wat noem 'n mens die goed? Die deure, het mos nou 'n brass raam waarin hy toemaak, en hy het sy voorkop daar-- hy't probeer deur--
- V** Duik.
- A** Ja, hardloop deur die ding en toe vang hy sy voorkop, en hy het iets soos, agttien steke moes kry om dit nou toe te kry. So Heinz het van vroeg af al werk gehad. Verder was dit... Nee wat, dit was, ons het gou genoeg geleer, toe dit begin koud word, om klere uit te trek en nie klere aan te trek as jy begin koud kry nie. Hoe minder jy, groter luglagie om jou, om jou lyf kan kry hoe beter isolasie het jy. So almal het aan die begin trui aangetrek en baadjies aangetrek en toe bietjie besef het, nee maar trek uit, trek uit, trek uit.
- V** En jy raak ook seker bietjie meer gewoon aan die temperatuur.
- A** Ja wat, jy het baie gou gewoon geraak aan die omstandighede ook. Dit was eintlik baie lekker gewees.
- V** Nou wat is u eerste gedagtes met die aankoms by, wel, by die ysbank?
- A** Jy moet die boot aflaai! Dis 'n geweldige klomp werk. Al jou proviand en goed is verpak in kassies, parafienkassies, die vier-gelling blikke, so een man kan so een dingetjie hanteer, so, en al daai goed word met die hand afgelaai, goed jy het 'n hyskraan op die ys opgepak, en met die sneeutrekkers weggery basis toe. Ek het gou genoeg vir my georganiseer dat ek trekker ry, so, met die slee se sleep.
- V** En nie pak nie.
- A** Ja nee. Maar, nee wat, die, die mooiste was, tydens die, die vaart, toe ons so in die pakys begin kom het, hoe mooi die omgewing was, hoe stil dit is, dat jy net, veral toe ons in die pakys was, het ons bitter min voëls ook gesien, met die afaanslag was daar nou die gewone skuas, die...
- V** Albatrosse?
- A** Ag, ek bedoel albatrosse, ek praat nou van skuas. Die albatrosse het ons gesien, die terns, die Arctic

terns, ek weet nooit wat die Afrikaanse naam is vir hom nie. Verder, min robbe gesien, terwyl ons afgegaan het, so nou en dan een, maar, waar jy nou in die, die pannekoekys, met ander woorde, die Skotse, wat, dit lyk soos pannekoekie, op die ys, en hoe stil die water dan is. Daar is bitter min beweging, dis eintlik baie, baie kalm. En ongelooflik mooi. En hoe mooi die ys self is, die ou ys as hy omgedop het dan is die bruin alge is nou bo, dis bruin en groen en daar is blou skynsels in. Ongelooflike mooi sig, en selfs Antarktika ook, dit is so skoon, stil, jy weet, ag, nee, dit is, dit is net geheel en al 'n ander ervaring.

- V** En, en moes julle robbe skiet vir die honde?
- A** Ja, hulle het. Ons het nie. Nadat ons afgelaai het, het die, het die RSA nog kartografiese werk gaan doen, en toe het, McNish hulle het toe, robbe geskiet, terugbring vir die honde want dit is deel van die voer.
- V** Ja hulle moet, dis wat hulle eet.
- A** Interessant, die robbe het jy, net die karkasse net so buitekant gegooi, dit vries kliphard en kettingsaag gebruik, sny jy sulke hompe op en, dit vir die honde gevoer. Ons het ook walvisvleis gehad--
- V** Rêrig?
- A** Wat in groot pakke verpak was.
- V** My aarde.
- A** Vir honde voer. En so 'n walvissteak smaak eintlik baie lekker.
- V** Julle het dit ook geëet?
- A** Ja wat, jy sny daai homp vleis, dan haal jy nou die bruin, hy het nou gevries dan word hy bruin, van, vriesbrand kry, maar binne-in haal jy die lieflikste rooi...
- V** Dit is natuurlik ook die vetlaag wat hom...?
- A** Nee, nee nee nee, dit is, hy is beskerm as gevolg van die dikte van die ding.
- V** Okay.
- A** So daai binneste gedeelte kry nie vriesbrand nie. En, tekstuur is baie growwer as beesvleis, hy het so 'n effe ander smaak, maar...
- V** Vissmaak?
- A** Nee is nie vissmaak nie.
- V** Nie?
- A** Nee nee, nee dis 'n warmbloedige dier.
- V** O, dis waar ja.
- A** Ja, hy het, so, maar ons het dit nou nie te dikwels probeer nie, dis bietjie van 'n wilde smaak. [lag]
- V** Nou, toe julle daar aankom, het julle baie tyd saam met die vorige span spandeer?
- A** Nee, daar is nie tyd daarvoor nie. Die, die vorige span is haastig om, om terug te kom. Die nuwe span is haastig om ontslae te raak van die ou ouens, dis mos nou jou plek. En, daar is net eenvoudig te veel werk, so daar is nie rêrig tyd vir, socialising nie. Ja, ek en my eweknie, met hom het jy natuurlik nou gesels om uit te vind wat gaan vir wat en hoe lyk dinge, en wat moet gedoen word, jy weet, so daai oorhandigingsperiode was daar, ja, maar verder, ek het as persoon nie, nie, nie rêrig gesosialiseer nie, soos ek se, ek het, ek het trekker bestuur die heertyd so daar was nie tyd vir so iets nie. Want as jy klaar gewerk het het jy geëet en gaan slaap, jy's poot-uit. En daar is nie genoeg slaapplek vir almal nie, so jy't van die, die warm bed stelsel maar gebruik gemaak, as die een ou opstaan dan is dit tyd, beteken dat jy moet gaan slaap, want anders is daar nie 'n slaapplek vir jou nie. [lag]
- V** Nie eers... Het hulle julle, soos, 'n toer gegee deur die basis, en vertel hoe werk mens met die honde, of...?
- A** Ja, ons het, die dokter en fisioloog is eintlik besluit hulle is die hondemeesters...
- V** Want hulle het seker ook meer tyd as die ander mense.
- A** Dit het, hulle het meer tyd tot hulle beskikking gehad daarvoor, ja, en. So hulle het dit gedoen, jy weet, al die *ins and outs* van die honde geleer by die voorgangers. Die diesel... Ek dink dit was maar, van, afhange van wat jy gedoen het, jy het met jou teenoorgestelde ou het jy gesels, en jy het al

- daai goed uitgesorteer, en dit was die enigste werklike, *socialising* wat plaasgevind het, ja, ja.
- V** Watse tipe raad het hulle vir julle gegee, oor die algemeen, as hulle enigsins het?
- A** Sjoe, ek kan nie eers meer onthou nie.
- V** Het, het, wat ek eintlik, wat ek ook wil weet is, het hulle sulke poetse op julle gebak?
- A** Ja, natuurlik. Dit behels die honde veral. Daar is gesê jy moenie vergeet om vir die honde te gaan water gee nie, wat natuurlik groot, agterna vind jy uit dis 'n groot grap want die huskys weet nie rêrig wat water is nie, en dis so 'n drama om water by hulle te kry, want, onthou, die basis was 35 voet onder die sneeu, so dan gaan kry jy water binne-in die basis, dan moet jy hier by die leer uitklim met die goed, want jy is ook nog maar dom, jy vergeet dat daar is mos 'n *block and tackle* om die goed mee uit te trek. Kom jy bo, gooi jy vir die, wat jy 'n skottel saam, gooi jy vir die honde water in die skottel, en dan staan en wag jy maar, dat hy die water moet drink, en dan sie jy, agterkom maar jou pragtige wit *mukluk's* is nou geel, want daar is nie bome op Antarktika nie, so jy staan nie lank stil naby 'n, veral nie 'n reunhond nie. [lag] Ek hoef seker nie verder daarop uit te brei nie. [lag]
- V** Nee, nee.
- A** So dit is die, ek dink dis die een wat veral, ons ou Heinz was die, hy was die meeste teleurgesteld oor sy mooi wit *muklaks* wat nou gekleurd was. *Muklaks* is mos daardie stewel, dis 'n lang, dis eintlik 'n Noorweegse stewel as ek dit nie mis het nie, dik sool, en hy's van lang, ag van, van, wit seil gemaak, soos 'n kamas, hy kom tot hier bo op, dat jy, dat jy opryg. [lag]
- V** Nou, as ek reg verstaan het u vroeër gepraat van die Belge wat saam is, vir die Nasio... Vir die Geofisiese Jaar?
- A** Ja?
- V** Hoe presies het dit gewerk? Het hulle...
- A** Hulle het net saam gegaan met die geleentheid, saam met die boot, ja, hulle het 'n Otter en, ja, dan het hulle 'n Otter saamgehad, waarmee hulle nou binneland toe gevlieg het. Hulle het eintlik redelik onafhanklik van ons gewerk, hulle het hulle eie program gehad wat hulle moes doen, ons het net die steun vir, voorsien... Weet jy, ek kan nou nie eers onthou hoeveel van hulle daar was nie. Ek, ek is nie seker nie. Hulle het net gekla oor ons kookkuns, want hulle het gesê ons maak nie sousies en allerhande sulke fieterjasietjies by by die kos nie. [lag]
- V** Het hulle darem ook kookbeurte gehad?
- A** Ja nee, almal het beurte gehad om te kook en ek moet sê, toe die Belge gekook het, veral daar was een Fransman wat saam met hulle was, het ons baie, baie lekker geëet, maar, want hy het kon toor met die, met die bestanddele wat ons gehad het, ja.
- V** Nou maar toe. Het daai vliegtuig, so hulle het hom net weer teruggevat?
- A** Ja, nee hy is toe weer saam met hulle terug, dit was eintlik 'n taamlike drama met die vliegtuig gewoonlik want hy het natuurlik nou ski's aan, maar nou waar hy nou geparkeer gestaan het, omdat daai ski's nou die sneeu...
- V** Platdruk?
- A** ...saampers ys hy nou vas, en dan is dit 'n alewige gesukkel om hom, jy moet hom eers uitgrawe die ski's losgrawe, probeer losbreek, voordat jy...
- V** Hom kan opstyg?
- A** Voordat hy aang-- voordat hy kan opstyg, ja.
- V** Orraait. Nou goed, beskryf asseblief vir my 'n dag in die lewe van 'n radiotegnikus by Antarktika.
- A** Nou ja...
- V** Ek dink net, vir baie mense, soos wat die dae verander het het hulle slaappatroon en hulle werkgewoontes ook verander.
- A** Ja, ja. Nee, ons het almal... Goed, kom ons begin by die punt. Die reëls het gesê ons is veronderstel om 'n staatsdiensdag te handhaaf, van agt tot vyf. SANAE is natuurlik, hy val onder die distrik van Pretoria, 'n landdrostdistrik van Pretoria, so ons leier, Danie, het reg aan die begin besluit daar g'n so iets soos 'n staatsdiensdag nie, solank daar ten minste een ete is wat die hele span bymekaar is, en wanneer daar spanwerk gedoen moet word, met ander woorde werk in en om die basis dat almal beskikbaar is, kan 'n ou kom en gaan soos hy wil. Ons het ook gevind dat jou dag het geglip. Jy het al

hoe later en later, opgestaan, en later gaan slaap. So jy was naderhand, van ons was heeltemal honderd-en-tagtig grade uit fase uit met van die ander ouens. Goed, jy het gevra oor 'n tipiese dag van 'n radiotegnikus. Toe die span weg is, voordat die winter begin is jou grootste drama jy moet sorg dat jou antennes en al dié reg is, so daar is heelwat instandhoudingswerk wat gedoen moet word, die wind breek maar goed, die, drade breek, so jy het al daardie om te doen. Jou, jy het sekere instandhouding wat jy moet doen op jou sender want dit is die enigste kommunikasie-middel wat ons gehad het, daar is niks so iets soos internet-toegang of, en dit was net radio, en ons het die een groot sender gehad, so jy het altyd gesorg dat dié ding een honderd persent werkbare toestand is en nie probleme het nie. Die draagbare radios is nuwes wat ons saamgeneem het, geleen deur Plessey. O, dit is die ander ding wat ek moes noem, toe ek hier was moes ek nog na Plessey toe gaan--

V Plessey?

A Die firma, SA Plessey, wat nie meer bestaan nie, dit is nou Tellumat, hulle het die radios geleen aan, aan, aan, dit was nuwe weermag *man-packs*, want hulle wou die goed getoets gehad het op Arktiese toestande. Toe het ek nou 'n hele lys van toetse en goed gekry wat uitgevoer moet word op die radio's. Ons het hulle so handig gevind dat ons vergeet het om hulle terug te bring, [lag] toe kon die volgende span ook darem die radio's benut.

V Ah.

A [lag] Want hulle het uitstekend daar gewerk, veral vir die ouens wat berge toe gegaan het.

V Fantasties.

A Ja. Verder het jy... My werk was relatief gou klaar, gewoonlik. Dan as daar nie ander werk was nie, ek het vir my 'n klomp plastiese modelle saamgevat wat ek gesit en bou het, veral in die wintermaande wat jy nou nêrens heen kan gaan nie. En, die modelletjies het ek daar laat bly, dit was moeilik om hulle terug te bring weer Suid-Afrika toe, so ek het 'n klomp motors gebou, so... [lag]

V Fantasties. Nou wat...

A Verder het julle maar, as dit jou, ja, as jy nie *skivvy* was nie, dan is jou dag, verder van jou dag, jy weet, kon jy inklee soos jy wil. So jy het, was maar altyd baie versigtig, wel ek vir een het altyd gesorg dat ek besig bly want ek dink as 'n ou daar niks het om te doen nie, dan gaan jy dit baie gou gewaar, want die niks is 'n bietjie baie daar, so... [lag] Verder het, ek het, die ou, daar was 'n ou by ons wat brood gebak het, ons het naderhand twee broodbakkers gehad, ag jy het maar sommer uitgehelp waar jy kon. Nou ja, dit was, ek het my Morse-kode opgeskerp gekry en daai tipe van ding, ja nee wat.

V Nou wat is die uitdagings verbonde daaraan, om daar te bly en, en te werk?

A Ek sou sê die grootste uitdaging is eerstens om vrede met jouself te maak, te weet dat jy, ja, jy, daarmee dat jy van jouself afhanklik is. Met ander woorde, soos ek netnou genoem het, om nie verveeld te raak nie, en om oor die weg te kom met die vyftien ander mense wat ook, wat, wat saam met jou daar is, ek dink dit is seker die grootste uitdaging. Ja dis hoe ek dit ervaar het, in elk geval.

V Goed, nou, wat het die lewe daar die moeite werd gemaak?

A Vir my het dit gebeur toe ek saam met Anton berge toe was. Ons was bietjie langer as 'n maand weg. Jy geloop het waar jy weet nog geen mens, sover jy weet, daar geloop het nie, en heelwaarskynlik ook na jou nooit weer daar sal kom nie. Jy geleer het hoe groot en wyd God se skepping is, hoe niksbeduidend jy as mens is, veral daar in, in die berge. Dis twee van julle, met 'n radius van drie honderd, vier honderd kilometer, geen ander lewende wese nie, laat bring daardie gevoel by jou tuis. Dat dit so stil is dat jy jou horlosie in die tent los want sy getik irriteer jou aan jou arm, want jy hoor dit, daar is geen ander geluid nie. Sit jy stil op die rotse, hoor jy hoe kraak die ys soos dit smelt. Ons het 'n kolletjie gekry, wat swart skadugrond is, waar daar 'n stukkie groen mos gegroei het. Hier, want die mikroklimaat was subtropies, vir daardie stukkie in, en waar die mosspreke vandaan kom, moes van 'n voël af gekom het, want die voëls nes in die somer, broei in die somer, ja, in die berge, dis al wat ons kon dink, hoe wonderlik dit was, om 'n stukkie groen,

- lewendige plantegroei te kry. [lag]
- V** Ja.
- A** Dit was iets ongeloofliks, nou ja.
- V** Fantasties. Nou, het julle baie interaksie gehad met diere, of was dit maar net meer aan die...
- A** Daar is nie diere nie.
- V** Ja, maar...
- A** Nee, die enigste wat daar was is die Adelie pikkewyne, en dan natuurlik jou Emperors. Die Adelines is die oulikste ou goedjies denkbaar, hulle is so nuuskierig as wat kan kom. As hulle jou sien dan sal hulle van ver af aangestap kom, om te kom kyk wat gaan hier aan. [lag] Maar dit is nou net natuurlik by die kus. As jy binneland toe gaan, is daar niks. Daar is absoluut niks... Nie voëls nie, jy sien nie so iets nie, daar, geen dierelewe nie, geen, niks.
- V** Okay.
- A** Net die wind en die ys.
- V** Goed, nou kom ons beweeg bietjie na die basis toe, in die basislewe. Beskryf bietjie u spanmaats. Sommer, net so algemeen. Wat, watter tipe persone was dit?
- A** Oe, ek dink ek het vroeër gesê ons is basis sestien individualiste. Ons leier Danie was die stil, besadigte kêrel, maar so witty soos wat kan kom. Hy het so 'n baie droë sin vir humor gehad, dit geniet. Gert de Beer, een van die, weerkundiges, ek dink nie ek sou my suster aan hom voorgestel het nie, [lag] is die indruk wat 'n mens gekry het, agge nee wat, maar baie nice, ons is eintlik 'n span van werklik aangename kêrels. Ons het, Brian, die hoof werktuigkundige, en Willem was die enigste twee getroude mans, van die sestien op die span, en die res van ons was jong mans, jong ouens, avontuurlustiges. Lekker grappies gemaak, lekker gesels, ons het twee taboe-onderwerpe gehad, en dit was godsdiens en politiek, dit was twee absolute taboe-onderwerpe wat daar nie oor gesels was nie, ek dink dis ooglopend hoekom, en verder het jy, die, die dok het vir ons een keer 'n maand baie interessante lesings gegee, veral vir mans lees ons oor die menslike liggaam, vir jou dinge vertel wat ek nooit geweet het van, van hoe 'n liggaam werk en wat hy hom, hoe hy aanmekaarsteek. Die, ag al die spesialiste, want almal van ons was spesialiste op die gebied, het een keer 'n maand het een ou 'n kans gekry om 'n uur-lange lesing oor jou onderwerp te gee vir die, vir die, vir die ander mense, veral in die winter, wat uit die aard van die saak jy nie buitekant toe kon gaan nie. In die somer, was almal besig met hulle take, so daar was nie werklik baie interaksie nie, en ook omdat, soos ek gesê het, die mense se...
- V** Slaappatrone.
- A** Se slaappatrone so gewissel het. Maar ek dink ons was 'n, 'n baie lekker span, want daar was werklik nooit enige struwelinge tussen enige van die lede wat ek van weet nie.
- V** Daar is geoloë, nê?
- A** Ekskuustog?
- V** Daar, daar was geoloë, ook?
- A** Ja, een geoloog, Anton Aucamp was die geoloog.
- V** Ja, okay.
- A** Ja, ja. Eddie Bosman was ons landmeter, wat gegaan... Hy was 'n siviele ingenieur, hy het gegaan as die landmeter, dan natuurlik, ons het die doktor gehad, dan Dawie, ek kan nie Dawie se van onthou nie, wat die fisioloog was, wat al daai simpel navorsing moes doen, o en vir Heinz moes ons elke maand 'n U-botteltjie en 'n F-botteltjie gee, [lag] en daarmee het arme Heinz, as die eerste ou in die badkamer gekom het en hy sien die sestien botteltjies daar staan daan maak een ou al sestien vol. [lag]
- V** Dis darem erg.
- A** Dan het hy baie moedeloos geword oor die storie, want dan moes hy weer al die botteltjies gaan ontsmet...
- V** Van voor af.
- A** Steriliseer, en, nou ja, elk geval, nou dit was van die grappies wat ons nou maar gemaak het. O natuurlik, ons was 'n span van sestien maar ons het 'n nommer sewentien ook gehad. Alles wat

- verkeerd gegaan het was nommer sewentien se skuld gewees. [lag] Die ander spanlede wat ons gehad het, dit was twee dieselwerktuigkundiges, ek het gesê Brian wat die hoofwerktuigkundige was, en Clive Spencer, wat die juniorwerktuigkundige was. Die twee outjies het veral in die somer baie gou geleer om gereedskap op te tel as dit geval het, want binne 'n halfuur is daai spanner wat in die son gelê het, op die sneeu, is hy weg. Want hy smelt, hy sak in in die sneeu in, en jy het nie 'n onuitputlike voorraad gereedskap nie.
- V** Dan sien jy hom nie weer nie.
- A** Nee. Soos ek sê, Heinz dink ek nie het geweldig baie werk gehad uit 'n mediese oogpunt nie, hy het een operasietjie op my uitgevoer, hy het 'n epigastriese breuk reggemaak, onder plaaslike verdoving, want die suurstof het vergete gebly op Kaapstad hawe.
- V** Gits.
- A** Verder was hy die rantsoenmeester, hy moes sorg dat die rantsoene uitgewerk word vir die week, vir die ouens wat kok is, almal het 'n beurt gekry om te kook. Jy, jou kookbeurt was gewoonlik 'n week, en die ander het *skivvy*-beurt gehad van 'n dag. As jy *skivvy* is dan beteken dit jy maak water daai dag, so met ander woorde jy mag bad, jy mag jou wasgoed was, en natuurlik die basis, die kombuis moet skoongemaak word, gewas word, ensovoorts, so.
- V** Okay.
- A** Ons het ook, Eddie Bosman was die vinnigste kok op SANAE, hy het op die dag besluit hy pak al sy blikkieskos in die oond, sodat dit bietjie kan ontdooi, maar hy het so effe vergeet daarvan, en toe ontplof daai blikkies vleis, en dit het ons omtrent drie dae gevat om die plek skoon te kry. [lag]
- V** Gits.
- A** Jy het 'n sproeireën van ingemaakte vleis gehad. [lag] Ons het nooit al die deksels van die blikkies gekry nie. [lag]
- V** O my aarde.
- A** Ag, vaderland.
- V** Nou wat het julle nog gedoen vir ontspanning?
- A** Vir ontspanning het ons flieks oor, en oor, en oor gekyk.
- V** Kan u onthou watse flieks? Terloops?
- A** Daar was 'n hele verskeidenheid van flieks, nee dis te lank gelede, ek kan nie meer onthou wat ons gehad het nie. Ons het 'n redelike biblioteek gehad, boeke wat jy gelees het, ook 'n paar ouens wat gedurigdeur skaak gespeel het. Ons het baie woordspeletjies gespeel, bordspeletjies ensovoorts. Die ander ding wat ons ook gedoen het, reg aan die begin van die jaar, is die, het ons besluit dat, om hulle te rantsoen, die sjokolade wat jy gekry het, het ons die sjokolade nou uitgedeel, elkeen het sy rantsoen gekry. Die ouens, jy kon voor die tyd sê watse soort drank hou jy van, hetsy bier, wyn, of *whatever* ook al, die... Het ons besluit al die, die wyn en die bier en al daardie deel ons nie uit nie, dit is 'n, met, 'n gesamentlike... Die ouens, van die ouens wat nou harde hout gebruik het, whiskey en *whatever* ook al, dié het hulle, het jy jou eie voorraad gekry, wat jy hom moes hou die hele jaar, want die gevolg is dat niemand het werklik gedrink nie, ons het een keer 'n week, Vrydae het ons so 'n Happy Hour gehad, tipe van ding, jy weet, dat elke ou maar syne gebring het, dan het ons saam gesit en soort van party gesellig verkeer het. Nee, ons het nooit sulke, nooit drankmisbruikprobleme gehad of, van ons wat gerook het, het jy, of jy, voor die tyd moes jy ook sê watse sigarette rook jy, watse pyptabak gebruik jy, en dan het jy 'n voorraad gekry wat jou veronderstel is om 'n jaar te hou.
- V** Het dit?
- A** Nogals ja, ja. My pyptabak het my gehou, en ons het maar onder mekaar bietjie uitgeruil met die sigarette, en so 'n hele ruilhandel gehad, want van die slim ouens het nie, wat nie rook nie het ook vir sigarette aangevra, dan het hulle lekkergoed uitgeruil by die ander ouens. [lag]
- V** O, die sjokolade of wat ook al.
- A** Ja. Nou ja, so.
- V** Nou wat het julle gedoen met Midwinter?
- A** Sjoë, Midwinter, voordat ons vertrek het, het almal van ons helderkleurige hemde gekoop, met die idee dat dit aangetrek sal word op Midwintersdag. Groot ete gehad, gekook, almal het saamgewerk

hieraan, r rig so dit was nou sommer 'n besondere ete gewees, en ons het heerlik partytjie-ete saamgeniet, ons het radiokommunikasie met Suid-Afrika gehad so ons kon boodskappies uitruil met jou geliefdes, heen en weer, gelukwense van die ander basisse gekry, veral die, die Halley-basis, dit was die Australi rs, of Nieu-Seelanders.

V Die Halley was die Britte.

A Hm?

V Halley Bay is die Britte.

A Is dit, is hulle die Britte?

V Ja.

A Okay. Dis reg, ja. Joe, dis te lank gelede. [lag]Ja ons het boodskappe uit... O, en selfs met die Russe ook, met hulle basis, en dit was eintlik 'n baie aangename aand, en toe het dit natuurlik 'n heerlike party ontaard. Maar ons het so, voor Midwinter, het ons 'n blou party gehad. Ons het besluit die basis moet vir midwinter mooi netjies reg wees, en al verf wat ons gehad het was blou verf, en toe verf ons nou die kombuis, die eet-area blou, Anton se kitaar blou geverf, ons het die vloer blou geverf, ons het die hele w reld blou geverf. [lag]

V Moes groot pret gewees het.

A Groot pret, harde werk om alles weer netjies reg te kry vir Midwinter. Dit was die enigste r rige groot party wat ons daar, wat ons daar gehou het. [lag] Maar baie aangenaam, baie prettig.

V Nee, goed.

A Die kitaar het fantasties gespeel nadat hy blou geverf was.

V Het hy nie voor dit fantasties gespeel nie? Wat, was dit, is dit maar, of het hy beter...

A Sy klank het, dit was lus vir peuter. [lag]

V Nou, die radiokommunikasie, het julle baie kontak gehad met ander basisse, of was dit r rig net...

A Nee, nie r rig nie, kommunikasie is moeilik op, op Antarktika self, ons antennas is nie gerig vir, op die spesifieke basisse nie, ons het hulle hoofsaaklik... Ag ja nee daar is verskillendes maar kommunikasie was maar nie baie maklik nie, jy het in elk geval nie veel te s  gehad vir ander ouens nie. Die *comms* was maar hoofsaaklik Suid-Afrika toe, en, nou ja.

V En hoe was dit? Hoe was die kommunikasie met Suid-Afrika?

A Afhangend van die geo-magnetiese toestande, goed. Daar is party kere wat ons, skakel jy daai radio aan en hy suis nie eers nie. Maar dan as gevolg van absolute, geomagnetiese steurings, daar is net geen kommunikasie nie. Kyk, kommunikasie, radiokommunikasie op SANAE, waar ons basis was, is maar moeilik want jy het nie 'n aardvlak nie. Hy is nie op die kontinent nie, hy is op die ysbank, wat dryf op die see, wat baie interessant was op die seismograaf.

V Ja.

A Hy kon van die seismogramme aflei of dit hoogwater was, of dit stormwater was, want jy het daardie individuele, jy weet, steurings op die, op, op jou traces gehad. Maar tog kon jy, ten spyte daarvan dat hy nie op die kontinent self is nie, wel aardbewings waarneem.

V En as ek dit reg verstaan het, was dit maar, was dit met Telex, of was dit nog net Morse kode?

A Ja, nee, nee Morse kode. Ja, nee ons het nog nie eers die... Nee, Telex was te ver gevorderd vir SANAE. [lag]

V Eers later gekom?

A Hy het later gekom, ja.

V Nee, goed. Julle het nie ander troeteldiere gehad nie, dit was net die honde gewees?

A Net die honde, ja.

V En hoe was die interaksie met die honde, het julle met die honde gaan ry om vir hulle bietjie oefening te gee, of...?

A Weet jy, ek het nie veel te doen gehad nie, ja, [lag] nie net vir die honde oefen nie, maar dis vir onself.

V O, okay.

A Veral vir die geolo e, hulle het meer met die honde gewerk, saam met die dok, om die, werklik te leer hoe om hulle te hanteer as ons nou ingaan berge toe, en, nou vergeet ek die ander, die

- Engelsman, die ander geoloog se naam...
- A** Hy was baie lief vir sy hondspanne, en hy het lekker met hulle gewerk, hy en Dawie, die, die fisioloog. Die goed het nogal geluister vir hulle. [lag]
- V** Wel, dit help altyd.
- A** Natuurlik.
- V** Nou, terwyl julle op die ys was, het julle ooit te hore gekom van enige geskiedkundige gebeurtenis in Suid-Afrika of in die wêreld?
- A** Ja nee, kyk, ons het gereeld geluister na BBC, en, wat is die Amerikaanse, Voice of America? Dié kon ons nou goed hoor. Ja nee, ons, so ons was op hoogte gewees, ja, ons het radio RSG, RSA het 'n middernagtelike diens, kon ons nou ook redelik goed opvang, as die omstandighede reg was, so ons was, nee ons was heeltemal bewus van, van wat, ons was nie so afgesonder gewees nie.
- V** En het julle ook, was dit ver in die wêreld van hier nou?
- A** Ag ja, jinne, natuurlik, ek dink amper die Suid-Afrikaners het meer geluister daarna [lag] as wat ons geluister het want, ek dink dit was na middernag was dit uitgesaai.
- V** O, ek sien.
- A** En meeste ouens het geslaap teen daai tyd, so het nie 'n punt rêrig, sou jy nou geweet het dis 'n verjaarsdag of iets wat aan 't komme is dan het jy nou maar gaan luister.
- V** O, ek sien.
- A** Ek dink die weerkundiges wat vier-en-twintig uur van die dag natuurlik nou aan die gang was, hulle het geweldig baie daarna geluister, Fred Clements-hulle, en Gert-hulle en dié klompie.
- V** Nou, wat is die moeilikste ding daarvan, om so op die ys te bly?
- A** Om nie verveeld te raak nie.
- A** Dink ek, ja.
- V** En die, die fisiese uitdagings?
- A** Sjoe, fisiese uitdagings, is die koue, en die wind. Dis mos eintlik die wind chill factor. Veral toe ons, na die winter toe ons nou ingery het berge toe, die, ons het so gou as wat ons kon, aan hoe die temperature 'n bietjie begin klim het, inbeweeg, maar die wind het nog steeds gewaai, en dit is so koud dat jy kan nie dinge met jou hande vat nie. Jy tel iets op deur hier teen jou gewrigte te druk, en ek het friesbrand in al tien my fingers gehad.
- V** O, aarde.
- A** Dit is iets verskrikliks, die pyn daarvan, jy weet, veral as dit nou begin ontdooi. Ek was bietjie laat met my antennas, so ek moes buite werk, hier teen minus veertig, daar rond. En jy kan nie met handskoene aan dan werk nie so jy werk met kaal hande.
- V** Ja, want jy moet vat, ja.
- A** Vir so 'n paar minute op 'n keer, dan staan jy eers met jou hande onder jou oksels, so daardie fisiese werk vat drie keer, vier keer so lank as wat dit normaalweg sou vat, net omdat jy nie jou hande kan gebruik nie, ek dink dit is seker een van die grootste dinge. Die ander ding natuurlik is, is om te leer, as dit helder wit is buitekant, witsig, dan bly jy net waar jy is, want jy kan, so helder as wat dit is, jy kan niks sien nie. Want jy weet nie, daar is nie skaduwee nie, so alles is wit. Jou lug, jy, daar is nie 'n horison nie, jy raak so gedisoriënteerd, dat, en dit is 'n ongeskrewe reël ook, as dit witsig is, jy beweeg nêrens nie, jy bly waar jy is.
- V** Ja.
- A** En dis net eenvoudig te gevaarlik. En dan natuurlik, as die wind waai, daai wind waai jou weg.
- V** Nou wat het julle in die berge gemaak?
- A** Die twee geoloë het, spesifieke opdragte gehad wat hulle moes gaan doen, en, ek en Anton, ek was Anton se helper, en Dawie was, ek kan nie die ander ou se naam onthou nie, was sy helper, so, want jy kan darem nie op jou eie gaan nie, so dis, dis, dis net die twee van julle. Anton moes 'n spesifieke fossiel soek, ons het geweet waar die skadulae is waar jy die spesifieke fossielietjie sou gekry het, wat ons toe ook wel gekry het, ek, verder weet ek nie, ek kan nie meer mooi onthou wat hy alles, wat sy opdragte was nie. Maar dit was vir my seker een van die grootste voorregte, was nog wel om te kon weggom van die basis af en in te gaan binneland toe, berge toe, om te kan sien hoe dit daar

- lyk. Ons was so ver as twee-en-sewentig grade suid, interessante ondervinding daar gehad, toe ons hier op die kaal vlakte kom, dit staan bekend as, ag sneeu akkumuleer nie daar nie, die wind waai hom gereeld weg. Elk geval, en daar was ons vasgekeer vir amper twee weke.
- V** Gits.
- A** In die, die sneeutrekkers was by, ons was 'n klompie mense, maar deur hierdie geweldige windstorm, nee, nee, ek jok, nie twee weke nie, dit was net bietjie langer as 'n week, en dit was 'n skrikwekkende ondervinding, eintlik. Jou tentjies is ses voet vierkant, julle twee lê daar, met al jou klere aan, binne-in jou slaapsak, want jy, dis al wat jy kan doen.
- V** Ja.
- A** Die slaapsakke is aan mekaar vasgebind, jou koskassie en jou kookstofie is, alles is aan mekaar vasgebind, so, in geval die wind daai tent wegwaai.
- V** Ja.
- A** En nou lê jy, en dan hoor jy hoe kom die wind. Dit klink soos 'n stoomtrein wat aangestorm kom. Maar dis eintlik, en dan begin hy daai tent skud, dat jy lê armlengte van jou maat af in daai tent, jy sien sy mond gaan oop en toe maar jy hoor nie wat hy sê nie, soos daardie tent raas. En die heelyd hou jy dop, is daar 'n skeur, is daar 'n skeur.
- V** O, laat daar nie...
- A** Ons het 'n skeurtjie begin ontwikkel, dis 'n dubbelwand tent maar waar dit bymekaarkom, die een staan buitekant, met die naald, dan stoot hy deur, die ander een moet van binnekant af deurstoot buitekant toe. Jy kan nie dit met handskoene doen nie, so jy kry so vier steke, dan die ou wat buite is kom binnetoe, en die ander een gaan buitekant toe. En dan hoor jy daar kom die wind, en dan spring altwee eers weer in die tent in. Nee, dit was, dit was nie lekker nie.
- V** Nou, so julle het, toe julle, wag, hoe lank was julle in die berge?
- A** Langer as 'n maand en 'n half, was ons omtrent weg, ja.
- V** En julle het hele tyd in tente gebly?
- A** Ja, ja, ja. Was eintlik lekker, jy't twee slaapsakke, een slaapsak binne-in 'n ander een, so jy kry, dis, dis glad nie koud nie, alhoewel die buite-temperatuur hier in die orde van minus veertig, daar rond is.
- V** Ja. Solank jy nie nat word nie.
- A** Solank jy nie nat word nie, maar omdat dit so droog is, so in die oggend, as jy nou klaar geslaap het, jou skaapvelletjie wat jy onder op die ys het, dié is, dié is nat. Jy sit hom net buitekant, en as hy droog is dan vryf jy hom net teenmekaar en jy skud hom uit, en, ek bedoel as hy geys is, dan is, dan is, dan is, dan is hy droog. Die ergste van alles is om daai windstorm, as jy is in die tent, jou U-botteltjie is kliphard gevries, dan wat maak jy nou? En die dokter was baie kwaad vir ons, toe hy hoor hoe min ons buitekant toe gegaan het. Hy sê, elk geval, ek hoef nie verder daarop uit te brei nie, dit was, dit was nie lekker nie.
- V** Dis maar ongemaklike stories.
- A** Ja, 'n pynlike storie, laterhand ook, van, van knyp. Dit is, nee. Elk geval. Maar daai wind, ek het gesien hoe waai 'n vol vier-en-veertig gelling drom petrol, dat hy daar oor die vlakte gaan soos daai wind hom waai, jy weet, dit is, so alles is aan mekaar vasgebind. Gelukkig ys dit nie toe nie, soos ek sê,
- V** Beskryf Antarktika.
- A** Wit. Mooi. Wit. Stil. Wit. Maar skakerings van wit. Dis nie net wit nie, dit is, dis 'n mooi wêreld, dit is rêrig, maar dit is anderste mooi. Weet jy, as jy geloop het, om die basis nou, en dis so effens gesneeu en die wind het gewaai, en jy kom die volgende dag daarbuite, dan staan jou voetspore uit, dit staan op, soos bergies, op die ys, want hy is gecompress, so hy is harder, die sagte sneeu het die wind weg gewaai, en hier staan die voetspore. Hier staan die geel torinkies. [lag] Dit was 'n groot kompetisie, veral as jy in die veld is, wie kan die hoogste torinkie maak, die volgende dag. [lag] Small things amuses small minds wanneer daar niks iets anders is nie. Nee, dit is vir my, daai, daai ondervinding, veral daar in die berge ook, dis, dis werklik, ek het netnou gepraat van die stilte. Dit is ... mens kan nie glo dat dit so stil kan wees nie. Dat, dat rêrig, jy raak bewus, ek, soos ek sê, ons het

- ons horlosies afgehaal. Ag wat, tyd beteken elk geval vir jou niks, veral as jy moet werk doen, jy werk totdat jy moeg is, want dis vier-en-twintig uur sonskyn, en dan maak jy kos en jy gaan slaap, en jy staan op, en jy maak kos, en jy gaan werk. En die werk daar, ons het kilometers gestap, en rotsmonsters gesoek, en, nou ja, dit is, dit is geweldig interessant. So dit is, dit is, jou eerste indruk is die nietigheid van die mens, hoe, hoe wonderlik God se skepping is, nou ja, ek kan nie meer as dit sê nie. [lag]
- V** Nou, so nou aan die einde van die jaar, beskryf bietjie vir my die laaste paar weke op die basis.
- A** Sjoe, die laaste paar weke het, dit was...
- V** Voor die skip aangekom het, maar ook tydens.
- A** Ja, voor die skip maar vertrek het, daar begin al 'n bietjie van 'n opgewondenheid plaasvind, veral as jy hoor die RSA is nou weg.
- V** Ah, nou watter skip het julle dan kom haal?
- A** Nee, RSA, nee ek bedoel net hy het vertrek, hy het vertrek uit Kaapstad uit.
- A** Dan, dan kan jy nie meer wag nie. Ja, om terug te kom Suid-Afrika toe ook, maar getemper met, jy weet jy sal heelwaarskynlik nooit weer hierdie plek sien nie. Ek bedoel, jy was darem 'n jaar daar, ons was bietjie langer omdat die skip het vroeër vertrek en hy het later teruggekeer ook nou weer. Ja, en jy kon, toe ons terugkom van die berge af, toe het die skip alreeds vertrek.
- V** O.
- A** Toe kon jy voel daar is 'n ander atmosfeer aan die basis.
- V** O, so toe julle nou weer daar instap?
- A** Toe jy instap, toe is daar 'n ander atmosfeer. Toe het jy nie vir 'n ou skeef aangekyk nie, want hy sou jou heel waarskynlik gepot het. Want nou weet jy meer, jy hoef nie meer 'n rol te speel nie. Jy kan nou, nee maar dit is, dit is, dit is, dit is, dit is hoe dit gevoel het. Jy hoef nie meer...
- V** Geduldig, en gaaf...
- A** Geduldig en nice te wees nie. [lag] Nie dat dit, dit wat, dit was nou maar net so, jy weet, dis...
- V** Ja, as jy nou jou humeur verloor het of wat ook al, dan--
- A** Ja, dan het jy hom behoorlik verloor. Jy het nie ingehou nie, jy het nie gekeer nie. Want jy het geweet die ding kom. En toe die nuwe span natuurlik nou toe kom, is hulle die indringers, en jy wil so gou as moontlik oorgee en weggee, nou wil jy gee pad want jy voel nie meer tuis daar nie.
- V** Ja, want dis nou 'n klomp nuwe mense.
- A** Ja, dis nou klomp vreemdelinge wat daar inkom. Van ons ouens, Clive het agtergebly, Anton Aucamp het agtergebly, en, hulle het 'n tweede seisoen deurgebring, Nee, dit was net Clive wat agtergebly het...
So ja nee wat, dit is, jy het gevoel jou tyd is verby, en, ek dink, al die spanne voel omtrent maar dieselfde, jy weet, dit, hier is 'n klomp indringers wat nou hier kom, so 'n eerste instansie, dit is hoe jy daaroor, getemper ook met die feit, ei, jy weet, ek wil wegkom, ek wil nou wegkom. [lag] En die basis is vol, daar is nie plek vir almal nie, jy het net werklik slaapplek vir sestien, agtien, dink ek, en nou is daar dubbel soveel mense daar, so jy moet nou die uitruil, en dit is, dis, dis, dis nie 'n, 'n lekker tyd nie.
- V** Ja.
- A** Maar die ander ding is natuurlik niemand word ooit siek op SANAE nie. Daar is nie verkoues en sulke goed nie, dis te koud. Maar wag, toe jy terugkom op die boot, en terugkom Suid-Afrika toe...
- V** O, gits.
- A** Dan slaan al wat siekte is, griep...
- V** Wat jy nou vir 'n jaar lank op uitgemis het.
- A** Ja, ag, ja, griep, verkoue, jy weet, dit is, dit is maar jou voorland.
- A** En natuurlik die lang hare...
- V** En die baarde?
- A** Ja, want ons het nie geskeer of hare gesny die hele periode wat ons daar was nie. Nee, rêrig wolkoppe teruggekom. Want daardie jare, sjoe, toe ons terugkom toe is mini-rokkies die mode.
- A** Hei, en vir manne wat so lank weg was, dit is, skokkend om dit te sien. [lag] En almal kyk vir jou aan,

- want watse lang hare dra jy, dit was mos nou short sides and tops gewees. [lag] Maar nou ja, ek het baie gou van my hare ontslae geraak, want dis net eenvoudig te warm, eerste instansie. Jy kan nie die verkeer hanteer nie, dit beweeg, alles is te vinnig, jy is gewoond aan, vyf-en-twintig kilometer per uur is geweldig vinnig op daai ysoppervlaktes.
- V** Ja.
- A** Jy weet, so, die verkeer het ons 'n bietjie gevang, maar jy het relatief gou gewoond geraak daaraan weer. En die mensemassa. En om vars melk te kon drink, ek wat nie lief is vir melk nie, dit is, dit was fantasties. En om groen bone te kon sien, [lag] en om reën te kon ervaar...
- V** En vars kos ook, seker.
- A** Ja, ja, vars vrugte, vars groente, vars vleis. [lag] Dit was Kersfees, ons het darem vleis gehad vir Kersfees, wat ons weggebêre het, maar ons vleisvoorraad het, ek dink hier teen einde Oktober se kant was dit al op.
- A** Al daai ou blêrie geblikte skaaptong en mongels en sulke goed wat veronderstel is om lekker kos te wees, lekkernye te wees, het jy as kok dit gekry het, hei, jy het nie meer geweet wat om met daai goed te maak nie, want jy maak maalvleis en ek weet nie wat alles nie, maar ons, nee...
- V** Nee wat. Nou, toe julle nou aankom by die hawe, was dit Kaapstad hawe, toe julle aankom by Kaapstad hawe, hoe was dit?
- A** Ons was eintlik al, daardie vorige nag het ons vir Slangkop gesien, vuurtoring, en toe het die skip ongelooflik stadig gevaar, so dat ons eers na agt in die hawe kon inkom. Tog die opgewondenheid was natuurlik groot, en dit was een van die mooiste gesigte was daardie vroegoggend, om hier buitekant te lê en te kan sien, jis, jy weet, daar is die berg, daar is, daar is Kaapstad, daar is die hawe, wanneer kom ons in, wanneer kom ons in, en toe op die ou end toe ons nou invaar, die eerste ding wat jy soek, waar is die mense wat jy nou soek, jy weet, hoe lyk die mense? [lag] Wat het hulle aan? En ek weet ek het, ek het nie 'n haarborsel gehad nie, en hier is ek, ek het daai aand my hare gewas, en daar sit ek, met hierdie bossiekop, en ek kan niks aan hom doen nie, en Tienie het my nie herken nie, want ek het hier deur 'n patryspoort geloer. [lag] Maar, ag nou ja, dit was toe nou baie, baie lekker, maar weereens tog, jy is opgewonde vandat jy SANAE al verlaat het, maar jy, daar is nog steeds getemper met daai stukkie wat jy weet jy het, 'n deel van jou lewe het agter gebly, dit is verby, dit is....
- V** Is daar enigiets anders wat, wat verander het, hetsy hoe mense oor goeters gedink het, of was daar nie rêrig ruimte vir verandering nie, het mens, is dit maar min of meer dieselfde?
- A** Nee wat, dit is nie vir my enigsins anderster nie, nee jy was maar net vir 'n rukkie lank weg gewees, daar het niks, nee, ek het nie iets ervaar dat hy, dat dit anderster was nie.
- V** Ja.
- A** Die enigste ding is, ons het, my ouers het in Durban gewoon, en dit was vir my baie snaaks om, Durban se strande het growwe sand, en ek kon nie kaalvoet op die sand loop nie, my voetjies was te sag, na 'n jaar van--
- V** Skoene.
- A** Skoene en sokkies permanent dra, daai ou pienk voetjies, hey. [lag]
- V** Nou, toe julle op Antarktika was, wat het julle die meeste gemis van Suid-Afrika?
- A** O, ja natuurlik, jou, jou, jou, jou familie het jy gemis. Maar snaaks genoeg, dit, dit, jy raak ook gewoond daaraan dat jy is eintlik so *ge-brainwash* voor jy weg is, en jy weet jy gaan dit mis, jy weet, dat, ja, inter-, interaksie met ander mense 'n bietjie meer, ek, ja, ek het bome gemis, ek het, ek het, ek het groenigheid gemis, jy raak, jy weet wit is ook mooi, en dit raak ook later vir jou mooi, [lag] maar jy mis tog, jy mis die natuur, baie meer as wat jy gedink het jy dit gaan mis.
- V** En toe julle nou terug is in Suid-Afrika? Wat het julle gemis van Antarktika?
- A** Die kameras. Alhoewel ek gesê het daar nie groot vriendskappe gevorm het nie, tog daai samesyn, daai, kom ons noem dit nou maar eenheid wat jy gevorm het, want jy was 'n span, jy was lid van 'n span, en jy, jy voel jy het iets gedoen, iets wat die moeite werd was, jy het iets bereik, was vir ons gesê ons resultate was uitstekend, jy weet, so, van, van, van al die projekte wat terug moes kom, nou ja, so jy, jy het gevoel jy het darem iets die moeite werd gedoen, en jy behoort aan die mees

- elite-ste klub op daai stadium ter wêreld, mense wat wel oorwinter het op Antarktika, daar is nie baie van ons nie.
- V** Nee, dis waar. Nou was daar ooit geleentheid vir julle om, was 'n, 'n terugvoersessie, by Departement Vervoer, of enige so iets, het julle na die tyd, al is dit nou kort na dit, weer bymekaar gekom, en net, of was daar nie rêrig geleentheid om, vir julle om vir hulle te sê wat julle geleer het nie?
- A** Ek kan nie meer onthou nie, die hele span, terugvoersessie in Pretoria. Ek weet nie
- V** Nou as mense nou hoor julle was nou op Antarktika, watter tipe vrae vra hulle?
- A** Jy nie koud gekry nie? Sulke inane, stupid vrae, jy weet. Ag, ja nee, die meeste van die mense wat, toe ons nou teruggekom het, wat, het belang gestel hoe lyk dit daar, wat het julle gedoen? Jy weet, ons, ons het, wel, ek het die gevoel gekry, en ek weet, mense het nie geweet, veel geweet wat het Suid-, wat het julle daar gedoen? Is dit darem belangrik? Nou goed, Suid-Afrika se weer word beïnvloed vanuit die suide, dit is, hoofsaaklik was dit 'n, 'n, gegaan as 'n weerstasie, en natuurlik die geologiese navorsing wat gedoen word, en in ons geval die fisiologiese navorsing wat Dawie-hulle gedoen het, ons was twee groepe, 'n nie-oefen groep en 'n oefen-groep...
- A** Ek? die-oefen groep, natuurlik. [lag] Nee wat. Ja nee, hy het 'n hele wetenskaplike program gehad wat juis oor die, wat gegaan het oor mense wat, ander woorde, nie rêrig fisiese lewe nie, en hy het normaalweg aangegaan, en dan die ouens wat moes oefen die heelyd, of jy die koue beter kan weerstaan, en al daai tipe van goed, ons moes, daar was 'n, iemand het geglo dat jou sig gaan of verswak of verbeter, en ons moes gereeld oogtoetsing doen, oogtoetsing doen en waarneem, en allerhande sulke tipe van goed.
- V** Okay.
- A** Ek moes die toetsing wat ons toe nou geweier het om mee aan te gaan, is die afkoeltoetsing, vaderland, ons het dit gedoen hier, en, ek en Eddie het *ge-volunteer* vir die goed, en dan lê jy poedelnakend op so 'n ou bedjie, net met 'n paar *slats* onder jou, dan blaas hulle daai koue lug in, dan meet hulle, hulle wil kyk hoe lank dit vat voor die kerntemperatuur met een graad Celcius val.
- V** Hoe lank vat dit? [lag]
- A** Ek kan nie meer onthou nie. Hulle wou ook uitvind of dit langer vat, of ander woorde hoe jy akklimatiseer en ons het geweier, want dit is, jy kry so koud, as jou kerntemperatuur val, dat jy gaan onbegaanlik aan 't bewes, jy kan nie ophou met bewes nie. Ons het naderhand in die son gaan sit, ons het, jy het op die plek gehardloop, maar jy bewes so, en jou hele lyf is, die volgende dag was ons so seer, ons was fikse mense, maar jou spiere het gepyn van daai gebewery en beide ek en Eddie het net *gesê forget it*, ons doen dit net nie weer nie. En daai aand het ons teruggekom waar ons gebly het, en nog steeds, jy, jy het gevoel jy is koud, en dit, mens kan nie daai koue verklaar nie, dit is, jy, jy is net koud, en, nee wat, nee wat, so... Ek dink dit was 'n driekwartier? Een was veert... Eddie... Ek was 'n bietjie meer vet aan my lyf gehad as wat Eddie... Eddie was taamlik maer op daardie stadium, hy het, ek dink dit was iets soos veertig minute, toe, toe gaan hy... Toe het hulle hom dadelik daar uit en ek het nog so vyf minute of so gehou, en dit is maar net die vetlagie wat jou dan bietjie meer beskerming gegee het. Maar nee, ek dink dis 'n wrede toetsing daai. [lag]
- V** Ja nee wat. Nou wat sou u sê is die grootste wanopvatting wat mense het oor Antarktika?
- A** Dat hy behoort aan mense, hy, dat hy behoort aan, aan, byvoorbeeld, Suid-Afrika, of aan Rusland, of aan Amerika, of sovoorts. Ek dink mense besef nie dat dit 'n, hy bestuur word deur 'n...
- V** Internasionale verdrag.
- A** 'n Internasionale verdrag, en hy, die plek behoort aan niemand nie. Daar is, soos ek verstaan is daar baie ryk neerslae steenkool, is vir ons gesê, omdat dit eens aan die vervloë tyd van die bestaan van die aarde, het dit, kon ons sien, was dit 'n subtropiese area, so daai vermoede is dat daar ryk steenkool is, die vermoede is dat daar ryk kool, ag, goudneerslae is, en dat daar olie te vinde ook, al die ander goeters is daar, so dan beteken dit dan moet daar ook olie wees. Maar gelukkig, wel ek weet nie nou met aardverwarming nie, maar die onderbergsame terrein, die koue, maak dat dit nie 'n lewensvatbare opsie tot dusver is nie, want hoekom is hy so koud? Omdat hy so 'n hoë kontinent is, en natuurlik, omdat hy aan die poolgebied sit, maar sy gemiddelde hoogte is so, so geweldig

- hoog, daarom is dit so koud, een van die rede, en natuurlik in die winter dat die son nie skyn nie. So tussen hakies, die koudste temperatuur wat ons gemeet was 52 grade Celcius. En die warmste was plus 'n half. [lag] En dit was goor, want alles is *mushy*.
- V** O, ja.
- A** Dinge begin nat word, jy weet nie, ag nee alles oor, die koue is lekker want dis droog, dit is...
- V** Ja, minstens maak dit 'n verskil.
- A** Nee, nat en koud is nie lekker nie, nee.
- V** Nou, wat dink u is die, die nut daarvan dat Suid-Afrika 'n basis op Antarktika het?
- A** Ek dink dit bied nog steeds uitstekende navorsing-geleenthede. Veral die gedeelte wat ek in belang gestel het, is, wat Potch doen, met hulle, geomagnetiese metings, en Rhodes Universiteit wat die geomagnetiese metings gedoen het, meer as Potch, ja, Potch het ook... Ja, dinge wat ons nie geweet het nie, jy weet...Jy voel die Heaviside Layer hoe hy beweeg, want jy stuur 'n radiosein direk op, en jy meet hoe lank, waar anders kan jy dit doen, as 'n stil plek, soos daar? Jy weet, wat ek nooit geweet het nie is dat ys is nie geleidend nie, my antennes het tot 'n meter onder die ys perfek gewerk, geen, omdat die ys suiwer is, daar is nie, gemors en goeters daarin nie, ander woorde hy is glad nie geleidend nie, jy het nie 'n aardoppervlakte onder nie, jy het, wat, 5 km ys, dan seewater, en dan eers die aarde, jy weet, so [lag] nee agge nee wat, dit is... En die weernavorsing wat daar gedoen word, tot vandag toe nogsteeds, ek, ek dink dis van onskatbare belang. En, dis die... Ek dink SANAE as sulks moet definitief bly voortbestaan, dis net 'n geleentheid, nou ja, *okay*, vir navorsing.
- V** Nou wat dink u van toerisme op die kontinent?
- A** Nee.
- V** Nie?
- A** Nee.
- V** Hoekom nie?
- A** Net soos jy nie 'n hotel in die, in die Kruger Park gaan bou nie. [lag] Nee, ag dit is ongerepte natuur, ja goed, miskien wil mens dit vir ander mense ook wys, maar dan moet dit so geweldig bestuur word, dat jy nie... Want waar die mens kom besoedel hy, ons het besoedel daar onder, jy het nie van beter geweet daai jare nie, nou weet ek alles wat, gemors wat soontoe gedra word word teruggebring, jy weet, ons het maar net gesorg dat dit begrawe is. [lag]
- V** Ja, so, dit het nou maar, besoedeling, julle het dit net daar gelos.
- A** Ja, jy het dit net daar gelos, en, met die basis wat onder die grond was het daardie besoedeling van vorige jare het probleme veroorsaak. Ons het pale gehad wat deur die basis gekom het as gevolg van die beweging van die ys.
- V** O, so is dit goeters wat mense begrawe het, wat...
- A** Nee, wat vergete gebly het, wat toegesneeu het, en weggeraak het, groot telefoonpaal het deur die kombuis gekom. [lag] Dis die beweging van die ys, soos, soos, kyk, die hele ding sak, want hy is nou verhit, so hy het, hy het 'n lugleegte rondom hom, die ys bou op boontoe, so ja, daar is beweging, die ding het 'n taamlieke helling al gehad, en ons, soos ek sê, ons het 'n paal gehad wat deur, deur die dak gekom het. Maar nou ja, dis, maar dit is, dit is, dit is deel van besoedeling, dis goed wat gepak was bo, verkeerdlik, en vergete gebly het, en, nou ja, of 'n paal wat omgeval het, of whatever.
- V** Wat toe nou net daar gebly het.
- A** Waar, mens weet nou nie waar dit nou vandaan gekom het nie, maar ja, en jou dieselrook besoedel die plek, jy kon dit sien, jy moes al hoe verder van die basis af gaan sneeu haal, dat jy nou nie, weg van die heersende wind af, dat jy nou nie vuil ys kry, as jy nou gaan water maak nie. Ag, nee, wat nog...
- V** Die geel hopies, en so.
- A** Ag nee wat, dis darem maar net water, so. [lag] Ja, ons het 'n ander interessante jol gehad, ons moes ons long drop bietjie skoonmaak.
- V** O, aarde.
- A** Dit is, hy het nou al bietjie hoog begin opkom. Ag kyk, dis solied gevries, en dit was nou bietjie van 'n drama. Ons het toe nou maar van die...

- V** Was dit in die basis gewees, self?
- A** Ja, hy is in die basis, ja, omdat dit alles gevries, is, ag, dit is, dis eintlik higiënies, jy weet.
- V** Ja, nee, natuurlik.
- A** Dit pla nie. Maar nou moet jy met pik en byl daar staan, en 'n graaf staan en kap, om die goeters so bietjie, jy weet, plat, weggewerk te kry.
- V** Ja.
- A** Ons het probeer, okay, jou weerballonne maak jy waterstof deur, aluminiumveilsels en, oh, jitte, nou vergeet ek my basiese skeinat. Elk geval, maar dit is 'n lekker eksotermiese proses, so hy gee baie hitte af, nou ons het daar 'n helse lot waterstof in daai plek gemaak en niemand mag gerook het nie, [lag] want ons sou 'n reusagtige ontploffing gehad het, maar dit het nie gewerk nie, en toe moes ons maar op die harde manier...
- V** Met pik en graaf.
- A** Met pik en graaf, dit nou maar wegwerk. Dit was 'n week baie onaangename werk gewees, en daar was geen verskoning nie, als het die manne uitgewerk. [lag] Ag, ja.
- V** Nee goed, baie dankie, is daar nog iets om te vertel?
- A** Ag nee wat, nie wat ek nou aan kan dink nie. Ek sal bitter graag my twee maats wil ontmoet, die ouens met wie ek darem so bietjie van gebond het, dis Anton, en vir Clive Spencer, ek weet glad nie wat van hulle geword het nie. En ek sou graag weer eendag net wil gaan kyk hoe lyk dit, net die kontinent self te sien, glad nie die hotel te gaan kyk nie, of ons ou basis, net om weer daai, deur die pakys te kan vaar, weer by die kontinent uit te kom.
- V** Baie dankie.